

OCTOBER 1973  
OKTOBER  
NR. 5  
NO.

## Krokodille van Veselglas

Sep Roos, kunstenaar van die Nasionale Museum het tydens die onlangse konferensie van Museumtegnici in Pretoria 'n voordrag gelewer oor die maak van afgietsels deur middel van gips, rubber en veselglas. Op die meegaande foto vertoon Sep (regs) veselafgietsels van klein krokodille en twee akkedisse aan mnr. K. B. Pienaar, adjunk-sekretaris van Openbare Werke, mnr. H. Rode, Voorsitter van die Raad van Kuratore van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opetlug Museum en mnr. C. D. von Tromp, kurator van die Calviniese Museum.

(Foto: Pretoria News)



Watter een van die tweeling is van veselglas?

Een van die twee jong krokodille op die meegaande foto is 'n werklike terwyl die ander een 'n veselglasreplika daarvan is. Watter een is watter een? Antwoord elders in die Nuusbrief.



Tydens Operasie Seekoei is daar ook 'n gipsafdruk gemaak van 'n volwasse krokodil. Die foto hiernaas is geneem toe die knewel van 4,4 meter (14 voet 6 duim) lank met 'n massa van 405 kilogram (900 pond) gemonteer is. Wanneer die replika van hierdie krokodil voltooi is, sal dit saam met die kleintjies wat op die ander foto's op hierdie bladsy verskyn, sowel as werklike krokodileiers, deel vorm van 'n nuwe uitstalling vir hierdie diere.

Skriftelike aansoek om eksemplare van hierdie ses-maandelikse nuusbrief moet gerig word aan: Die Direkteur, Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein.

Written requests for copies of this bi-annual newsletter should be addressed to: The Director, National Museum, P. O. Box 266, Bloemfontein.